

Maandagoggend

Paasvrydag. Matteus 20: 20 -28, 27: 32 – 51, 28: 18 en 20. Teks: Matteus 28: 20:

“En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd.” Tema:

'Christus drink sy beker om vir ons die Nagmaalsbeker te gee.' God die Vader gee vir Christus sy beker om te drink sodat Christus vir ons die Nagmaalsbeker gee om te drink. Christus drink sý beker en ons drink die Nagmaalsbeker. Johannes en Jakobus druk hulle ma voor om vir Jesus te vra of hulle na sy dood as die Christus sy opvolgers kan wees. Die Here het sopas weer aangekondig dat Hy gaan sterf in Jerusalem en dit het die broers gemotiveer om te vra of hulle as die opvolgers van Jesus ná sy dood aangewys kan word. Hulle sal in volgorde van die een wat aan sy regterhand en linkerhand sit, die volgende Christusse na Hom wees. Hulle wil Jesus opvolg sodat sy gees as Christus in hulle sal voortleef na sy dood. Jesus wys hulle tereg met hierdie vraag: “Kan julle die beker drink wat Ek drink?” In aansluiting by die derde lydensaankondiging wat die Here sopas gemaak het en wat hulle versoek gemotiveer het, beteken dit dat die Here vir hulle vra of hulle soos Hy kan ly, gekruisig word, en sy lewe as losprys gee deur te sterf. Hulle selfversekerde antwoord op hierdie vraag van die Here is reguit en duidelik: “Ja, ons kan!” Bedoelende ons kan ook ons lewens soos U as losprys gee vir God se koninkryk en daarom kan ons U opvolgers wees om die volgende Christusse te wees wanneer U dood en weg is.” Hulle was oortuig dat Jesus se gees as Messias deur hulle sou voortleef en deur hulle teenwoordig gehou sou word in die wêreld wanneer Hy dood en weg is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Maandagaand.

Paassondag. Mat. 27: 62 – 28: 7, 11 – 20, 18, 20. Ps. 2. Teks: Matteus 28: 18: “Aan My is gegee alle mag op die hemel en op die aarde.” Tema: 'Niks en niemand kan tussen ons en Christus kom nie.' 'n Magstryd teen Christus wat geen magstryd is nie! Dit is wat Matteus ons wys in die berig oor die opstanding van Jesus Christus uit die dood uit. Paassondagoggend was die graf waarin Jesus begrawe was, leef! Daar was nie 'n lyk in die graf nie. Daaroer was daar geen twyfel by iemand nie. Nie by die Jode nie, nie by die dissipels nie en ook nie by die Romeine nie. Die enigste verwarring en onsekerheid was hoe die graf leeg geraak het en waar Jesus se lyk was. Hoe kon die graf leeg gewees het? Die Joodse Raad was deeglik bewus van die feit dat Jesus voor sy dood verklaar het dat Hy uit die dood gaan opstaan op die derde dag. Dit was nie 'n binne-geheim wat net Jesus en sy dissipels van geweet het nie. Dit was openbaar bekend, ook aan die Joodse Raad. Daarom het hulle van Pontius Pilatus toestemming gevra om 'n wag-eenheid van twaalf soldate by die graf te plaas, net tot na Sondag, die derde dag, sodat sy dissipels nie sy lyk kon steel en die - volgens hulle - godsdienstige leuen versprei dat Hy uit die dood uit opgestaan het nie. Hier sien ons die magstryd van die Joodse Raad teen die dooie Jesus! Hulle wil keer dat die dooie Jesus 'n goddelike ikoon en magsfiguur word waarteen hulle dan 'n onmoontlike geestelike stryd moet stry wat moeiliker sal wees as die stryd om Hom fisies dood te gemaak het. Hulle bewaak sy lyk teen - volgens hulle - hierdie godsdienstige leuen wat Hy verklaar het en sy dissipels toe kon probeer waar maak. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdagoggend.

Paasvrydag. Paasvrydag. Matteus 20: 20 -28, 27: 32 – 51, 28: 18 en 20. Teks:

Matteus 28: 20: “En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd.”

Tema: 'Christus drink sy beker om vir ons die Nagmaalsbeker te gee.' Jesus se

dissipels verklaar: “Ja, ons kan!” Hulle antwoord “ja” op die derde lydensaankondiging van Jesus dat Hy oorgelewer, ter dood veroordeel, bespot, geesel en gekruisig gaan word en die derde dag uit die dood uit sal opstaan. Hulle glo hulle kan ook soos soos Jesus onregverdig deur die Joodse Raad oorgelewer word, vervolg word in 'n hof, uitgelewer word om onskuldig ter dood veroordeel te word. Hulle glo hulle kan die magteloosheid aanvaar om verneder te word met géseling en die pyn om gekruisig te word vat, soos die duisende Jode dit in die opstand teen Rome vóór Jesus en ook ná Jesus gevat het. Hulle glo hulle gees kan ook na hul dood opstaan en voortleef as 'n bevrydingsgees teen die onderdrukking van die goddeloses - soos die Joodse Raad en Romeine. Hulle het geglo dat hulle soos Jesus as regverdige vir God se saak kan ly, sterf en in die gees opstaan vir God se koninkryk op aarde. Jesus wys hulle positief tereg deur te verklaar dat hulle sy beker wat hy hulle sal gee sal drink - die Nagmaalsbeker. Hulle beker is die Nagmaalsbeker, maar die Hére se lydensbeker drink Hy alleen. Dit verklaar die Here in Matteus 26: 31 direk na Hy hulle die Nagmaalsbeker gegee het, oor hoe Hy alleen sy lydensbeker drink: “Ek sal die herder neervel, en die skape van die kudde sal uitmekaar gejaag word.” God die Vader gee aan sy Seun alleen sy lydensbeker en verjaag almal om Hom sodat Hy godverlate en mensverlate alleen die losprys vir sondaars se sonde sal wees. Die Vader gee vir Christus alleen sy lydensbeker en Christus gee vir sy dissipels die Nagmaalsbeker. Hulle kan nie sy lydensbeker drink soos hulle glo hulle kan nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdagaand.

Paassondag. Paassondag. Mat. 27: 62 – 28: 7, 11 – 20, 18, 20. Ps. 2. Teks: Matteus 28: 18: “Aan My is gegee alle mag op die hemel en op die aarde.” Tema: 'Niks en niemand kan tussen ons en Christus kom nie.' Die Romeinse wag-eenheid het die Joodse raad gaan vertel hoe die grafsteen weggerol was en dat die graf leeg was toe die steen weggerol het. Hulle het nie gesien hoe Christus opgestaan het uit die dood uit nie - net die leë graf. Hulle het kom getuig dat die graf leeg is deur 'n magsdaad van God. God skep met hierdie magsdaad hierdie geweldige ironie dat Hy van die wag-eenheid wat moes keer dat sy lyk gesteel word, die eerste getuies van God se magsdaad dat die graf leeg was toe die steen vir die eerste keer weggerol is. Hiermee getuig hulle dat die dissipels nie die lyk gesteel het nie. Die enigste teenwoordiges was vroue wat nie die krag gehad het om die grafsteen weg te rol nie. Na die grafsteen deur 'n aardbewing weggerol is, het die wag-eenheid gevind die graf is leeg. Die Joodse Raad se reaksie op hierdie getuienis van 'n magsdaad van God is om te besluit dit het nie só gebeur soos getuig word nie. Hulle maak die getuies oor die leë graf leuenas met omkoopgeld. Dit is die magsdaad van die Joodse geestelikes! In hul stryd teen die lyk van Jesus, en nou teen 'n leë graf, skep hulle met omkoopgeld 'n geestelike leuen. Die Sanhedrin se weergawe van hoekom die graf leeg is, is dat sy dissipels in die nag gekom het en sy lyk gesteel het om 'n godsdienstige leuen te skep dat Jesus uit die dood uit opgestaan het, soos hy dit verkondig het. Die Joodse Raad skep met omkoopgeld 'n godsdienstige leuen oor die leë graf en maak asof dit die dissipels is wat hierdie godsdienstige leuen geskep het. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdagoggend.

Paasvrydag. Paasvrydag. Matteus 20: 20 -28, 27: 32 – 51, 28: 18 en

20. Teks: Matteus 28: 20: "En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd." Tema: 'Christus drink sy beker om vir ons die Nagmaalsbeker te gee.' Christus openbaar wat sy lydensbeker is wat Hy alleen drink met die woorde aan die kruis: "My God, my God, waarom het U My verlaat." Hierdie is nie 'n noodkreet uit onbegrip en verwarring omdat Jesus nie weet wat God die Vader nou met hom doen of 'n klag oor die onreg wat God die Vader nou toelaat nie. Die Here openbaar met hierdie woorde dat alles wat Dawid in Ps. 22 geglo het God met Dawid doen, God die Vader nou met Christus, sy geliefde Seun doen. Christus haal die eerste woorde van Ps. 22 aan, net soos wat iemand vandag sou sê: "Stille nag, heilige nag" en almal sal weet dit is die eerste woorde van 'n bekende Kerslied. Jesus openbaar met 'n lied wat die Jode elke dag gesing het, dat die verdeling en lood oor sy klere is wat Dawid geglo het met hom gebeur in Ps. 22:19, naamlik dat, die Jode se spot dat God Hom van die kruis moet verlos, is hoe Dawid se vyande hom gespot het in Ps. 22: 7 – 9 en dat Hy gekruisig word met penne deur sy hande en voete, is wat Dawid geglo het God met hom gaan laat gebeur in Ps. 22: 17. (2020 Afrikaanse Vertaling) Met die Woord van God uit Ps. 22 openbaar Jesus Christus dat Hy die beloofde Seun van Dawid is volgens die Dawidsbelofte in 1 Samuel 7: 11 - . Hy is Dawid se Seun én God die Vader se Seun! Daarom doen God die Vader alles met Jesus Christus wat Dawid in Ps. 22 geglo het God met hom doen. Christus is die Koning wat sy lewe as offer gee om vir God die Vader die tempel te bou van die Dawidsbelofte – sy kerk. Christus openbaar met hierdie woorde dat sy beker werklike Godverlatenheid is, dit wat ons as kerk bely Hy het "ter helle neergedaal." Die hel van Christus is dat God die Vader by sy geliefde Seun aan die kruis is, en Hom nie in sy nood antwoord nie en niks vir sy Seun doen nie. Hy is vir sy Geliefde Seun afwesig in sy liefde. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdagaand. Paassondag. Mat. 27: 62 – 28: 7, 11 – 20, 18, 20. Ps. 2. Teks: Matteus 28: 18: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde." Tema: 'Niks en niemand kan tussen ons en Christus kom nie.' "Sy dissipels het Jesus se lyk gesteel om die mite van sy opstanding te skep", verklaar die Sanhedrin. Wat maak hulle propaganda totaal ongeloofwaardig en wys dat hulle opsigtelik besig is om te lieg? Watter dissipels wou nogal sy lyk steel om 'n storie op te maak dat Hy uit die dood uit opgestaan het? Elke evangelie in die Bybel getuig dat nêé één van sy dissipels Jesus se eie verklaring oor sy opstanding geglo het nie.

PETRUS het Jesus verloën omdat Jesus nie na hom geluister het om die "nonsens" dat Hy sou doodgaan en uit die dood uit sou opstaan, uitgelos het nie. (Mat. 16: 21 – 23) Daarom verloën Petrus Jesus as 'n Messias in wie Hy nie kan glo nie.

JUDAS het Jesus om presies dieselfde rede verrai.

JOHANNES en JAKOBUS het ook nie in sy opstanding geglo nie en wou sy opvolgers na sy dood wees na Hy met sy dood 'n geestelike magsposisie in Jerusalem sou gevestig het.

ALMAL het Jesus verlaat omdat hulle nie in sy verklaring oor sy opstanding uit die dood geglo het nie. Hulle kon nie in so 'n tipe Christus glo nie.

Die opstanding van Jesus uit die dood was teen alles wat elke dissipel oor die Messias geglo het. Nou beweer die Sanhedrin dat hulle, die dissipels, wat glad nie aan sy opstanding geglo het nie, die mite geskep het van sy opstanding! Dit is waansinnig! Hoekom sal hulle wat Hom van Donderdagaand tot Vrydagmiddag,

verraai, verloën en verlaat, omdat hulle nie in sy opstanding glo nie, die Saterdagmiddag bymekaar kom en besluit om sy lyk te steel om die mite van sy opstanding, waarin hulle self nie glo nie, te skep? Hulle het Jesus self nie eers geglo nie. Daarom is dit totaal onmoontlik dat hulle só 'n mite wou skep. Preek beskikbaar op Google by ngkerkelvubu.co.za ds. Petrus.

Donderdagoggend.

Paassondag. Paassondag. Mat. 27: 62 – 28: 7, 11 – 20, 18, 20. Ps. 2. Teks: Matteus 28: 18: “Aan My is gegee alle mag op die hemel en op die aarde.” Tema: 'Niks en niemand kan tussen ons en Christus kom nie.' Die hel is nie 'n plek van vuur en vlamme waar die Duiwel met 'n vurk die baas is nie. Die hel is God se weerhoude liefde en God wat liefde verwerp! Dit is die werklike ang, verskrikking, worsteling, pyn en nood wat die Christus openbaar Hy ly met die woorde: “My God, my God, waarom het u My verlaat.” God die Vader is teenwoordig by sy Seun, maar weerhou sy liefde van sy Seun en sy Seun het Hom lief, maar die Vader verwerp hierdie liefde. Daarom is die Vader in sy liefde en vir die liefde van sy Seun afwesig. Dít is die hel! God se weerhoude liefde en God wat liefde verwerp. Ons mag nooit Christus se ang en verskrikking aan die kruis dramatiseer oor hoe seer die sweephoe, hoe pynlik die doringkroon, hoe marteling die ysterpenne deur sy arms en voete of hoe uitmergelend die dors en hitte aan die kruis was nie. Daar was vele mense in die wêreldgeskiedenis wat baie erger mishandel en doodgemaak is, as wat Jesus aan die kruis gesterf het. Die ang en verskrikking wat Christus gedra het, was die hel self: om in God die Vader se weerhoude liefde te sterf as sy Geliefde Seun en om in sy volkome liefde vir die Vader, verwerp te word. Met sy woorde aan die kruis openbaar Christus die diepte van hierdie weerhoude en verwerpte liefde: Hy dra God se veroordeling, vervloeking, straf en verwerping só dat in een oomblik God al sy haat, woede, grimmigheid, wrewel, afkeur en onbehaaglikheid in sondaars op sy Seun uitstort. Só is Christus die losprys vir die sonde van hulle wat Hy kies om sy kinders te wees. Dit is die beker wat die Here op Paasvrydag drink – die beker wat sy Vader net vir Hom gee. Net Hy drink alleen hierdie beker! Preek beskikbaar op Google by ngkerkelvubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdagmiddag.

Paassondag. Mat. 27: 62 – 28: 7, 11 – 20, 18, 20. Ps. 2. Teks Matteus 28: 18: “Aan My is gegee alle mag op die hemel en op die aarde.” Tema Niks en niemand kan tussen ons en Christus kom nie. Die magstryd teen Christus se leë graf word vandag nog ook binne die kerk gevoer deur geestelikes wat nie gelowig nie, maar spiritueel wil wees. Hulle wil Jesus lewend maak in hulle deur Hom in hulle te herleef! Hulle ongeloof is dat Jesus nie uit die graf nie maar in die gees van sy dissipels opgestaan het. Hulle sou Sondagmiddag na sy dood 'n geestelike aandoening beleef het dat Jesus binne in hulle gees opgestaan het om deur hulle lewe voort te leef. Maar wat van die leë graf? In hulle ongeloof is daar nie werklik 'n leë graf nie, want vir die geestelike aandoening dat Jesus se gees in hulle opgestaan het, is dit totaal onbelangrik of daar 'n leë graf was of nie. Wie se geloof is hierdie? Jesus se gees het in ons opgestaan en sy gees leef deur ons voort! Dit is presies Jesus se dissipels se ongeloof in sy opstanding, soos Johannes en Jakobus dit verwoord in hulle versoek om die volgende Christusse na Jesus se dood te wees. (Mat. 20: 21) Hulle wou dat in hulle wat opvolg Christusse sal wees, Jesus in die graf se gees sal voortleef in hulle lewe en mag. Vir hulle ongeloof in Jesus se opstanding in hulle lewe, was 'n leë graf totaal onsinnig! Want 'n leë graf maak 'n einde aan enige

opvatting dat Jesus in mense se gees moet opstaan en deur hulle voortleef: Hy het self werklik uit die dood opgestaan en leef as mens vandag self voort, uit en deur Homself, en nie in en deur ander mense se gees nie. Die geloof in die opstanding van Jesus in die gees van sy dissipels, is deur sy dood, voor Hy Koning geword en 'n koninkryk agter gelos het, vernietig. Die leë graf het hulle in hul magsvisioene ontwig en ontstel – nie gemotiveer om Hom in hulle te laat herleef Sondagaand nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydagoggend.

Paasvrydag. Paasvrydag. Paasvrydag. Matteus 20: 20 -28, 27: 32 – 51, 28: 18 en 20. Teks: Matteus 28: 20: “En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd.” Tema: 'Christus drink sy beker om vir ons die Nagmaalsbeker te gee.' Christus gee vir ons tydens die Pasga, die Donderdagaand, voor sy kruisiging en dood, die Vrydag, die Nagmaalsbeker wat ons drink! Christus noem self hierdie Nagmaalsbeker toe Hy die Nagmaal ingestel het, die beker van van die verbond waarvoor sy bloed vergiet word tot vergewing van ons sondes. (Mat. 26: 28) Christus se bloed wat vergiet word as offer vir ons sondes, maak God se verbond vir ons waar. Wanneer Christus in Matteus 28: 20 verklaar dat Hy met ons is al die dae tot die voleindig van die tyd, is dit nie sommer net 'n verklaring van sy teenwoordigheid nie. 'Christus met ons' is die vervulling van God se verbond dat Hy God met ons is en ons sy volk is. (Eseg. 36: 24 -) Hy is God met ons deur ons altyd in te sluit en te laat deel in al God se goedheid vir ons as sy kinders. U moet die kontras sien tussen die woorde van die Here aan die kruis: “My God, my God, waarom het U My verlaat?” en die Here se verklaring na sy opstanding uit die dood aan sy kerk: “Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die tyd.” 'Christus met ons' is hoe God nou self met ons is: in liefde wat gegee word en liefde wat aanvaar word!

'Christus met ons' is

- * hoe God nooit sy liefde van ons sal weerhou nie, al bly ons sondes doen,
- * en hoe God nooit ons liefde vir Hom sal verwerp nie - al is ons liefde vir Hom nie volkome, maar gebroke, misplaas en vol foute.

Die Nagmaalsbeker wat die Here vir ons gee, bevestig dat Hy in ons plek die weerhoude liefde en verwerping van liefde gedra het in sy godverlatenheid, sodat God nooit in weerhouding van sy of die verwerping van ons liefde vir ons afwesig sal wees nie. God is God met ons, word deur die Nagmaalsbeker wat die Here vir ons gee bevestig omdat Hy alleen godverlate vir ons was. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydagaand.

Paassondag. Mat. 27: 62 – 28: 7, 11 – 20, 18, 20. Ps. 2. Teks: Matteus 28: 18: “Aan My is gegee alle mag op die hemel en op die aarde.” Tema: 'Niks en niemand kan tussen ons en Christus kom nie.' Die probleem van die ongelowiges met Christus se opstanding, is dat die Here net aan sy dissipels en nie aan die Romeinse wag-eenheid, die Joodse Raad of die Romeinse owerheid verskyn nie. Jesus verskyn aan sy dissipels met die verklaring dat aan Hom al mag op hemel en op aarde gegee is. (Mat. 28:18) Hierdie is die mag waarmee die Here deur sy opstanding alles wat op aarde en die hemel skeiding tussen Hom en sy kinders maak, weg vat. Alle mag as God het die Here nog altyd gehad. Daarom gee die Here nie aan die wêreld se magte 'n magsdemonstrasie om as mens lewend aan hulle te verskyn nie. Christus kon dit gedoen het. Hy kon aan die Sanhedrin verskyn en hulle sou net daar

en dan Hom die Christus van die Joodse godsdienstige wêreldryk gemaak het. Sou Jesus aan Pilatus verskyn het, sou Pilatus gesorg het dat Jesus die nuwe Romeinse keiser word, om vir ewig oor die wêreld te regeer. Dit is presies waartoe die Duiwel die Here versoek het in Mat. 4: 1- 11: om sy mag aan almal te demonstreer om Here van die geestelike en politieke koninkryke van die wêreld te word. Paassondag is egter nie God se oorwinningsfees oor die magte van die wêreld nie. Dit is die Here se oorwinning oor alle magte wat Hom van sy KINDERS skei – hulle sónde teenoor sy heiligheid as God. Met sy opstanding uit die dood het die Here alle magte wat ons van sy liefde skei, totaal en vir altyd vernietig. Dit is hoe Paulus sy opstanding loof: “Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bese magte of teenswoordige dinge of kragte of hoogte of diepte of enige iets anders kan ons van die liefde van God skei, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.” (Rom. 8: 38,39) Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Saterdagoggend

Paasvrydag. Paasvrydag. Paasvrydag. Matteus 20: 20 -28, 27: 32 – 51, 28: 18 en 20. Teks: Matteus 28: 20: “En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd.” Tema: 'Christus drink sy beker om vir ons die Nagmaalsbeker te gee.' Watter beker moet ons op Paasvrydag drink? Moet ons die beker wat die Vader vir Christus gegee het drink, of moet ons die Nagmaalsbeker wat Christus vir ons gegee het drink? Moet ons soos die dissipels vir Jesus sê: “Ja, ons kan u beker drink wat u drink” of moet ons in die geloof dat nét Christus sý lydensbeker drink, die Nagmaalsbeker ontvang met die geloof: “Ek kan nie en wil nie en sal nie sy lydensbeker drink nie, want Hy was vir my godverlate sodat God altyd met my is?” Baie geestelikes in die kerk wil vandag dat ons vir Christus moet sê: “Ja, ons kan U beker drink!” Hulle wil ons oortuig en mobiliseer dat ons ook net soos Jesus kan stry en ly vir God se saak, God se koninkryk. Ons kan ook onskuldig in howe, onregverdig veroordeel ons self oorgee om te ly, te sterf en ons eie lewe op te gee vir God se saak. En dan kom vertel elke ander geestelike vir jou dat hy/sy kamstig weet wát is God se saak waarvoor jy soos Jesus moet ly, stry en jou eie lewe opgee, soos: God se saak is die armes, die onderdrukte, die sosiale randfigure, Afrika of die Afrikanervolk. Hulle wil hê ons moet vir alles wat hulle voorhou as God se saak, die beker drink wat die Vader vir sy Seun gegee het! Kom ons verwerp hierdie geestelike waansinnighede! Kom ons ontvang die beker wat die Here vir ons gegee het omdat Hy Paasvrydag alleen godverlate gesterf het om God met ons te wees. Kom ons ontvang die Nagmaalsbeker wat die Here Jesus aan ons gee in die geloof: ek sal, wil en kan nooit sy beker drink nie! Van Hom alleen het die Vader sy liefde weerhou en sy Seun se liefde verwerp sodat God nooit sy liefde van my sal weerhou of my liefde vir Hom sal verwerp nie. Met die Nagmaalsbeker bevestig die Here: Hy is God met my! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.